TJOKKIE-brokkies!

Uitgawe: 1/2/2017 **Datum: 20 April 2017**

Uit die kantoor:

Snoepie

Die Beheerliggaam kon eers op die voorlaaste dag van verlede kwartaal 'n besluit neem oor die snoepie. Hulle het besluit dat die snoepie voortaan deur die skool self bedryf sal word. **Daar word egter 'n pos as snoepiebestuurder geadverteer**. Sien die advertensie elders in die nuusbrief. **Intussen gaan die snoepie gesluit wees totdat alles afgehandel is**.

Kontantvrye skool.
Let asb daaarop dat die skool geen gelde meer as R50 kontant ontvang nie. Selfs die fotogeld, wat nou meer as R50 is, sal in die toekoms per internet oorbetaal moet word. Ons moes verlede kwartaal duisende rande hanteer en bank toe neem wat 'n groot risiko vir die personeel en kinders meebring. ***Die volgende is egter krities belangrik: In die geval van skoolgeld gebruik u die skoolgeldrekeningnr wat u by die finansiële beampte kry. Vir ander betalings soos bv. toere, ensovoorts gebruik u u kind se voorletter en van en waarvoor dit is as verwysing. Moet asb nie net die naam of van alleen deurgee nie omrede hier baie kinders met dieselfde name of vanne is***.

Langnaweek:
Geen skool op Donderdag 27 April (Vryheidsdag), Vrydag 28 April (Skoolvakansiedag) en Maandag 1 Mei (Werkersdag) nie. Dit gaan geil!

"Love tree" Bloekomboom

Die Beheerliggaam het op grond van vier deskundiges se menings en aanbevelings besluit dat die boom moet val. Dit was selfs vir my wat 23 jaar saam met die boom kom 'n emosionele oomblik. Ons gaan egter 'n mooi foto van die boom laat raam ter herdenking daarvan. Die beheerliggaam beplan ook 'n alternatief soos 'n pawiljoen/afdak wat kan dien as wag- en kuierplek vir ouers in die plek van die boom. Dit sal volgende jaar realiseer.

Kapitale projekte:
U sal sien dat die BL 'n gedeelte van die parkeerterrein op die sypaadjie van Paul Krugerlaan laat plavei het om dit meer toeganklik vir die motors te maak.

Die area voor die ingangsportaal is ook nuut geteel wat 'n groot behoefte was.

U het seker ook opgemerk dat daar 'n gedeelte van die area voor die netbalbane geplavei is en nuwe gras is gelê. Dit lyk sommer aansienlik beter.

Ons hoofingang se nuwe baadjie is ook klaar en ek vetrou dat u net soos ons trots is op die vernuwing.

Die gelde hiervoor is deur die ouerkomitee en graad 7 leerlinge van 2016 ingesamel. Die BL se beleid is dat huidige ouers en kinders die voordeel uit hulle insamelings moet geniet. Alhoewel hulle met verantwoordelikheid omsien na die skoolgelde, hoop ons nie geld onnodig op nie.

Sleutels:
Om verskeie redes oa veiligheidsredes moes die BL die skool se slotte vervang en besluit om voortaan geen sleutels aan ouers en buitestaanders toe te ken nie. Slegs mense wat 'n huurkontrak met die skool het, sal toegang mag kry.

Die sportveld sal wel daagliks tot 18:30 en Saterdae van 8:00 – 12:00 toeganklik vir ouers wees.

BELANGRIKE DATUMS

22 April: Ons O/7 rugby- en netbaldag en alle ander skole se sportdae is gekanselleer as gevolg van die "It's time" gebedsaksie. Ignoreer asb vorige sms'e en boodskappe dat ons voortgaan.

24 April: Die buitemuurs begin volstoom. Daar sal egter net Maandag en Dinsdag buitemuurs wees.

26 April (Woensdag)
Geen buitemuurs en geen ligabepalings nie as gevolg van die langnaweek.

Entrepreneursdag

Onthou die seniorfase se entrepreneursdag op Vrydag 5 Mei. Almal is welkom.

VAKATURE:

Die Beheerliggaam is op soek na ‘n innoverende en dinamiese persoon met goeie bestuursvaardighede om ons skool se snoepie te bedryf.

Handig ‘n volledige CV asook ‘n voorlegging oor wat u beoog as bestuurder in.

Sluitingsdatum: 28 April. Salaris en aanstellings-voorwaardes is onderhandel-baar. Vir meer inligting skakel die skoolhoof by 0823379446 of 051 5221371

VERJAARSDAE

19 April Mev S Visser, aflos Sotho-juffrou

21 April. Me Annerie Strydom (gr 5) aflos vir juffrou Carina.

Hoop julle het lekker verjaar by Tjokkies en nogmaals dankie dat julle vir ons uithelp.

UITSLAE: SA SWEM

Simeon Vorster behaal die volgende medaljes:

2 x goud
3 x silwer
3 x brons

Nicole Dreyer behaal die volgende medaljes:

1 x goud
1 x brons

Francisca van Rooyen (10 jaar) swem saam met die 12 jariges en behaal ‘n 10e plek.

Baie geluk!

SNUFFELS

2 Maltese poedels (8 weke) te koop teen R250 elk. Kontak Retha vd Merwe:
082 6688 882

Tjokkie-ouer soek dringend vervoer vir ‘n dogter vanaf 52 Stevenstraat Universitas na Tjokkies elke dag. Sal bydra vir brandstof. Kontak: 071 427 1852.

NAALDWERKSTER met 24 jaar ervaring!

Het u nie tyd om klere te herstel of daai ewige skoolrokke korter te maak nie, bring dit vir my! Billikste pryse in Bloemfontein. Ek maak ook klere, gordyne, lakens, slope en tafeldoeke. Sluit ook in die groter en kleiner maak van broeke, hemde ens. asook die herstel van enige kledingstuk. Verleng en verkort van broeke asook verstellings aan manspakke.
Elsa van den Berg: 0842030471

Smartschool ekstra klasse

Ons bied middagstudie en wiskunde ekstra klasse aan. Die klasse word deur ‘n gekwalifiseerde juffrou, wat persoonlike aandag aan elke kind gee, aangebied. Graad 1 – 12 welkom. Ontspanne en selfmotiverende atmosfeer. Kontak Nelmarie by: 072 589 8069

Tjokkies-Itec Gholfdag

Spelers wat wil inskryf moet so gou as moontlik die Kleuterskool kontak die baan raak vinnig vol.

Die Gholfdag vind plaas op Vrydag, 26 Mei 2017.

My School-kaart

Ouers met My School-kaarte kan gerus gaan kyk by www.myschool.co.za/smurfs en inskryf vir hul kompetisie om ‘n gesinsvakansie te wen.

BORGE

Baie dankie aan ons anker borge! Ondersteun hulle asb.

WISEMAN GROUP
MIDAS
SPEEDY

SPAR UNIVERSITAS

G SERVICE

CARTRACK
PUTTING YOU IN CONTROL
Yvet Rust
Key Account Manager
63 Zastron Street, Bloemfontein
P O Box 43414, Heuwelsig, 9332
Tel: 051 448 9188 Fax: 086 513 5662 Cell: 082 771 1998
yvet.rust@cartrack.com www.cartrack.com